"Hollanders" oorleef in Rooi Kalahari

deur **Hennie Basson**

Die wilde perde van die Namibwoestyn is lank nie meer net 'n mite nie. Dat die droë, Rooi Kalahari vir 'n aantal dekades oor 'n eie groep "wilde" swart perde beskik het en enkele afstammelinge van hulle dié ongenaakbare semi-woestyntoestande steeds oorleef, is egter minder bekend.

Hoewel die Friesperd sy oorsprong in die matige tot koue klimaat van Wes-Europa gehad het, het hierdie ras vir ongeveer 'n eeu reeds 'n stewige vastrapplek aan die suiderpunt van ons kontinent verkry. Die oorwegend droë klimaat en uiterste temperature ten spyt.

Hierdie swart perde, wat voorheen hier slegs as die "Hollanders met die veervoete" en ook as Vlaamperde bekend was, is aanvanklik in Kaapstad en omgewing aangetref, maar mettertyd ook in die Karoo en selfs verder noord. Hulle is veral as werksperde in die tuig en as spoggerige karperde op skoue benut.

Dit was egter oor die afgelope tien tot vyftien jaar dat die Friesperd eers werklik in gebiede noord van die Oranjerivier inslag begin vind het.

In veral Gauteng, die Noordwes-Provinsie en die Vrystaat is daar inderwaarheid nou 'n buitengewone vraag na hierdie perde – meesal vir sport en plesierdoeleindes. Noordwes is die provinsie wat tans oor die meeste Friesperde in die land beskik. Dis 'n streek wat in die somer deur temperature van 30°C en hoër geteister word.

Hierdie ras gedy nou reeds in verskeie lande wêreldwyd; veral weens hul buitengewone aanpasbaarheid in verskillende klimaatstoestande. So byvoorbeeld het 'n groep van hulle oor byna vyf dekades in ekstensiewe toestande die versengende hitte en koue nagte in die veld aan die Suid-Afrikaanse kant van die Botswana-grens oorleef en van hul afstammelinge floreer steeds daar.

In die jare vyftig is van hulle as Vlaamperde deur wyle oom Michiel Theron vanuit die Wes-Kaap na die omgewing van Vorstershoop geneem en later is hul na dié familie se plaas by Tosca. Dáár het 'n Friesperdteler, Johan Delport, sedert 1979 van hulle begin aankoop. Só het hy dus tot die redding van hierdie sogenaamde "wilde perde van die Kalahari" gekom.

Op sy plaas, Radyn, naby Vanzylrus, is die Kalahari-toestande nie veel makliker nie, maar word daar darem veel meer na hul omstandighede omgesien. Oorspronklik was daar 'n groep van sowat 80 van hierdie perde by Tosca.

"Soos die meer bekende Namibperde, wat wild in daardie woestyn oorleef, slaag hierdie perde ook oor baie jare reeds 'n oorlewingstoets met vlieënde vaandels," sê hy.

Ofskoon daar 'n groot vraag na hierdie perde is en hy reeds die meeste van die hand gesit het, is daar nog 17 volwasse Friese in sy duineveld. Hier

Links: Fier en trots staan die hings, Hansu Midnight met 'n hoogte van 17,1 hand
Oorkant: Johan Delport met sy kinders Helani en Johandrie

is nou reeds perde uit die tweede generasie van die oorspronklike perde wat hy op die plaas by Tosca gekoop het.

Sedert Delport hier kom boer het, was hier nog maar altyd perde op die plaas. Saam met sy vrou Annette en dogter Helani hanteer hulle eiehandig die skaapboerdery en perde-onderneming.

"Die perde is nie net nuttig vir werksdoeleindes nie, maar verskaf ook genot wat so broodnodig in hierdie uitgestrekte wêreld is. Weens die lang afstande kan hulle net so dan en wan op 'n skou gaan meeding," sê hierdie boer wat 'n groot voorstander van perdeskoue is.

Aanvanklik het hy en sy pa slegs oor Boerperde beskik wat slegs plaaswerk moes verrig, Nadat hy ook Saalperde bekom het, het die skougogga hom behoorlik begin byt. Toe hy juis op soek na nog ry-perde was, het hy die swart perde op Tosca "ontdek".

"Met hul besondere voorkoms en puik aksie is hierdie ras 'n vertoonperd by uitstek – van die aanskoulikste perde denkbaar op 'n skoubaan," sê Delport, wat lid is van die Friesperdtelersgenootskap van SA wie se nasionale kampioenskappe jaarliks op Tulbagh gehou word. Hy woon dit graag as toeskouer by.

Delport glo by dié ras is daar duidelik twee groepe perde-entoesiaste in die land, nl diegene wat hul hoofsaaklik vir teeldoeleindes aanhou en van hulle moet dus perde ook noodgedwonge invoer. Ander weer, wil hul diere net geniet en vir skoudoeleindes benut.

"Dit is juis hierdie doelstelling wat veral Friesperdtelers in twee groepe uitmekaar hou en selfs tot onmin in hul geledere lei. Wat gesindheid betref, is hul ongelukkig uiteraard ver van mekaar verwyderd."

Om tot die perde tussen die kameeldorings en witstambome op Radyn terug te keer. Hierdie perde moet dikwels dagtemperature van meer as 40ºC trotseer, terwyl dit soggens vroeg tot soms -3ºC daal.

Al die perde is die grootste deel van hul leeftyd op die Kalahariveld aangewese en dit verbeter hul gehardheid, waarvoor hulle hier bekend is. Aanpasbaarheid in dié deel van die wêreld is in hul gene vasgelê, meen Delport. Perde wat van buite af ingebring word, sweet aanvanklik uitsonderlik baie, maar binne twee tot drie maande is hulle by die klimaat aangepas.

Grassoorte soos blinksaadbeesgras wat 'n voedsame meerjarige gras is, word deur hulle ge-

niet en hul vreet ook bessie- en rosyntjiebosse en swarthaak. Hulle reageer baie goed op 'n klein hoeveelheid kragvoer, terwyl fosfaat en sout ook beskikbaar is.

Weens die feit dat die perde hier uiters geïsoleerd van die buitewêreld leef, was dit in ongeveer 'n halfeeu nooit nodig om hulle teen perdesiekte te ent nie.

Die merries vul op die veld en die vullens word op vyf maande gespeen waarná hulle vir ongeveer vier maande in kampies by die huis intensiewe aandag kry. Daarná sluit hulle weer by die res van die trop in die veld aan.

Delport sê die vullens kry reeds vanaf 'n jong stadium die nodige oefening wat deursettingsvermoë en spierontwikkeling bevorder. Weens die grootte van die kampe kan hulle tot 1,5 km per keer deur die sand en duine na die punt van 'n kamp draf en speel en dan weer die roete terug volg.

Volgens hierdie boer beskik sy perde oor 'n fyner bouvorm as Friesperde in ander dele van die land, spiere is elegant gevorm en boonop is hul ook fyner van haar.

Op Radyn is daar gewoonlik twee teelhingste. Hy maak tans gebruik van 'n groot hings, Hansu Midnight, wat 17,1 hand hoog is, en Elan Von Geyerspan, 'n opkomende teelhings.

Delport sê hoewel hierdie perde, weens die ekstensiewe aard van die omgewing, nie altyd die nodige persoonlike aandag kan geniet soos in stoeterye in ander dele van die land nie, is goeie temperament en mensliewendheid 'n ingebore karaktertrek by hulle. "Ek is uiteraard 'n perdeliefhebber en sien in dié omstandighede so goed as moontlik na hulle om omdat hul oor so 'n buitengewone geaardheid beskik."

Perde-"bannelinge"

Met die verplasing in die vyftigerjare van die vorige eeu van drie Vlaamperdmerries en twee -hingste vanuit die Swartland na die byna ongetemde Kalahari naby die Botswanagrens, het 'n stuk epiese geskiedenis in die ontwikkeling van nie net dié ras nie, maar ook van die plaaslike Friesperd ontvou.

Hierdie gitswart perde is deur die welbekende Bolandse skouman, wyle Basie Carstens van die plaas Drie Heuwels, Moorreesburg, aan Michiel Theron van Swart Waters, Vorstershoop, verkoop. Vir jare lank moes hulle as 't ware in "ballingskap" in die duinewêreld van die Kalahari oorleef.

Aangesien Carstens oor heelwat aanteel van die stamvader van die Vlaamperdras, Scheepers, beskik het, is dit nie onmoontlik nie dat van hierdie diere ook Scheepers-bloedverwante was.

Ongeag hul moontlike "adellike" afkoms, is hierdie perde in 'n staat van ongetemdheid aangehou. Dit was oorlewing in die uiterste omstandighede in 'n gebied waar daar slegs brakwater beskikbaar was.

Hulle is mettertyd na die Therons se plaas by Tosca verskuif en hier het hulle tot ongeveer 80 perde aangeteel. Oor al die jare is blykbaar geen nuwe bloedlyne van buite af ingebring nie. Gehardheid is dus by uitnemendheid by hulle vasgeteel.

Perde wat oor ooglopende gebreke beskik het. is summier deur Oom Michiel uitgeskot en boonop het droogtejare ook hulle tol onder die swakkeres geëis

Toe Johan Delport van Vanzylrus van hierdie sogenaamde "wilde perde" verneem het, het hy hulle mettertyd by mnr Theron se seuns, Giel en Johan, gekoop – die eerste agt merries in 1979. Later is al hierdie perde na sy plaas, Radyn, wat eweneens nie ver vanaf Botswana geleë is nie.

Aangesien Delport 'n lid van die Frie sperdtelersgenootskap van SA is, kon hy dié perde mettertyd as volwaardige Friesperde by die land se Friesperdstapel laat inskakel. **SAH**